hou **KOERS!**
voortrekkers.co.za

BETEKENIS EN SIMBOLIEK VAN DIE OORDNAAM EN OORDWAPEN: BERGENBOS

Die Voortrekkers

1. Oordnaam

Die bergreekse Waterberge en Magaliesberge ook gedeeltes van Wolkberge en Soutpansberge, is baie prominent en eie aan ons area wat wyd 'n boog maak van Rustenburg in Noordwes tot bo in Polokwane
.
Daarmee saam die bosveld bioom met sy kenmerkende bome soos mopanie, maroela, kameeldoring wat wyd versprei voorkom.

Die embleem kan berge en bome voorstel, geanker in ons erfenis, een boomstam wat 18 kommando's saamvat maar wat vertak in elkeen se eie unieke mileu van stad of plattelandse gemeenskap en tog saam kan bly groei as 'n eenheid met gemeenskaplike Voortrekker ideale, toekomsgerig en die Voortrekkervrug kan koester en uitdra.

'n Boom bly ook nie altyd dieselfde nie, maar soos dit groei pas dit aan by veranderde omstandighede. Buite persone sal ook 'n aanname kan maak van waar hierdie gebied geleë is as hul die naam hoor, 'bosveld' is bekend aan almal.

2. Oordwapen

3. Simboliek

Tipiese Bosveld toneel: Bome, berge, son.

Wit boom met die vier hoof takke, simboliseer die vorige vier oorde wat saamgesmelt het, met al die kommando's betrokke as die verdere takkies. Die blou in verdonkerde vorm verteenwoordig die band met die verlede maar ook die nuwe lewe wat daaruit voortspruit, bome versinnebeeld groei en vrugte dra. Die berge in die agtergrond verteenwoordig standvastigheid en is 'n gemene deler onder al die hergroepeerde kommando's van Oord Bergenbos.

Die silwer 'grond' laat ons dink aan al die platinummyne wat in hierdie geografiese area voorkom, wat al baie waarde toegevoeg het aan die gemeenskappe en land, net soos Die Voortrekkers elke dag waarde toevoeg aan ons volwasse- en jeuglede, oordra van ons Afrikaner- en Burgerskap.

Die Oranje sonsondergang is kenmerkend aan die Bosveld en omstreke, verteenwoordig die Christelike lig uitdra.

Blou binnebaan met rooi buite- en binnerandjie: geanker in die verlede, is belangrik vir elke Voortrekker. Daarom 'n stille herinnering aan die oorsprong van die oord, uit die ou gebied Transvaal wat gestig is in 1931 en eers verteenwoordig was deur die Vierkleur van die ou Boere republieke en later versinne beeld was deur die reliëf van die Voortrekkermonument op 'n blou agtergrond. Daar moet geneem word uit die verlede wat goed is om daarop 'n toekoms te bou.

Die rooi randjies versinnebeeld ook die liefde waarmee Voortrekkeroffisiere hul spanne omarm/omring in die bou van 'n hoopvolle en helder toekoms, geanker in die vaste wete van 'n konsekwente Christenskap en 'n waardesisteem wat deur Die Voortrekkers aan hul gebied word om hul te omring en te beskerm, net soos die laers van trekwaens in die verlede tydens die Groot Trek.

Die tradisonele rooi randjies verbind die oord ook aan die toetrede tot Die Voortrekkers as nuwe oord/gebied van Die Voortrekkers.

2021-06-01
Oord Bergenbos
Transvaal Voortrekkers
Die Voortrekkers – HOU KOERS!